

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 19: Terumah (תרומה): Bydrae

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: “Praat met die kinders van Yisra 'el dat hulle aan My 'n bydrae moet bring; vanaf elkeen wie se hart hom opwek, moet julle My bydrae inbring.”*

Ex. 25:1 en 2 – PWL¹

Torah: Exodus 25:1 tot 27:19

Haftorah: 1 Kon. 5:1 tot 6:13

Nuwe Verbond: Matt. 5:17 tot 35; Mark. 10:11; Hebr. 8:1 tot 6; 9:23 en 24; 10:1

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 19 wat afgelaai kan word by: [Parashah19Notas14](#) of by [Parashah19Notas15](#).

Taking it easy is often the prelude to backsliding. Comfort precedes collapse – Vance Havner

Most church members live so far below the standard, you would have to backslide to be in fellowship with them – Vance Havner

Torah Bespreking

Van 'n Volk Van Priesters Tot 'n Volk Met Priesters!

Alvorens ons met hierdie week se Torahskriflesing begin, is dit noodsaaklik om kortliks hersiening te doen van sekere gebeure tydens Israel se tog vanuit Egipte tot by die berg Sinai.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Met hierdie hersiening sal ons ook fokus op sekere dinge wat selde as belangrik beskou word en dus selde bespreek word.

Israel het haastig uit Egipte weggetrek (Ex. 12:39) en saam met hulle het ook 'n menigte mense van gemengde bloed ('n gemengde menigte van mense) weggetrek (Ex. 12:38). Dan lees ons in Ex. 12:41 en 42 die volgende:

Dit het gebeur aan die einde van vier honderd en dertig jaar, op dieselfde dag het dit gebeur dat al die leërmagte van יהוה uit Mitzrayim uitgegaan het. Dit is 'n nag van herinnering tot eer van יהוה omdat Hy hulle uit Mitzrayim uitgebring het. Dit is dié nag van יהוה, 'n vasgestelde tyd om onderhou te word deur al die seuns van Yisra'el in hulle geslagte.

Israel se vreemdelingskap in Egipte, en soos wat YHVH dit bepaal het (Gen. 15:13), het tot 'n einde gekom. Hierdie geslagtelange vreemdelingskap moet nie as straf gesien word nie! Nee, dit was 'n tydperk van sowat 400 jaar waartydens Israel geleer het. As 'n nomadiese volk het hulle nou geleer wat dit behels om gevestig te wees op een plek en hoe om 'n ordelike samelewing te organiseer en te handhaaf. Dit was immers wat YHVH vir hulle beplan het wanneer hulle die Beloofde Land Kanaän in besit sou neem. Hulle moes Kanaän in besit gaan neem en hulle daar vestig. Tweedens was Egipte die mees gevorderde beskawing van daardie tyd en kon Israel al hierdie kundigheid by die Egiptenare leer.

Gedurende Israel se vreemdelingskap was YHVH steeds in beheer en het Hy op verskillende wyses vir Israel voorberei vir die uiteindelijke uittoeg uit Egipte. Dink byvoorbeeld aan hoe YHVH dit beskik het dat Moses in die paleis van Farao opgegroeï het en hoe dit hom gevorm het om uiteindelik die leier te wees wat Israel uit Egipte sou lei!

So ook het beide Jakob en Josef op hulle sterfbed versoek dat hulle nie in Egipte begrawe moet word nie en het op die wyse vir Israel herinner om hulle oë op Kanaän te hou as die woonplek wat YHVH aan die nageslag van Abraham belowe het.

Dit is ook belangrik om te onthou dat Israel uit Egipte weggetrek het as YHVH se verbondsvolk, want ons lees in Ex. 2:24 en 25 die volgende:

God het hulle gesug gehoor en God het Sy verbond met Avraham, met Yitz'gak en met Ya'akov onthou. God het aandag gegee aan die seuns van Yisra'el en God het met hulle 'n verbondsverhouding gehad.

Die eerste Pesag in Egipte is 'n sinnebeeld van wedergeboorte, terwyl die deurtog deur die Rooisee 'n sinnebeeld van die waterdoop is. Israel het dus by Sinai aangekom as gered deur die onverdiende guns van YHVH en as deel van die verbond met Abraham.

Maar dit is baie belangrik om daarop te let dat Israel reeds op daardie stadium ook 'n priesterdom gehad het! Die bewys daarvan lees ons ondermeer in Ex. 19:21 en 22.

*יהוה het vir Moshe gesê: "Gaan af, waarsku die volk dat hulle nie moet deurbreek om יהוה te sien en baie van hulle doodgaan nie. **Laat ook die priesters** wat naby יהוה kom, hulleself afsonder sodat יהוה nie teen hulle uitbreek nie."*

So het Moses ook aan Farao gesê: "Laat ons nou drie dagreise ver die woestyn intrek en aan יהוה, ons God, offer sodat Hy ons nie oorval met peste of die swaard nie." (Ex. 5:3). Ons kan aanvaar dat die rol van die priesters waarskynlik nie so prominent tydens hulle verblyf in Egipte was nie, maar dat hulle wel deel van Israel se sosiale struktuur was, word bevestig

deur Moses se versoek aan Farao om Israel toe te laat om in die woestyn te gaan en daar 'n fees vir YHVH te hou (Ex. 5:1) en te offer (Ex. 5:3).

Hierdie priesters was die eersgeborenes (die oudstes) van die families. Maar na die aanbidding van die goue kalf is hierdie priesterdom vervang met die Levitiese priesterorde soos deur YHVH self in Num. 3:12 en 45 bevestig word.

Let op, Ek Self het die Leviëte gevat vanuit die seuns van Yisra'el in die plek van al die eersgeborenes wat die baarmoeder, vanuit die seuns van Yisra'el, open; daarom sal die Leviëte Myne wees.

"Vat die Leviëte in die plek van al die eersgeborenes van die seuns van Yisra'el en die vee van die Leviëte in die plek van hulle vee sodat die Leviëte Myne kan wees. Ek is יהיה."

Maar nou moet ons hierdie baie belangrike vraag vra, naamlik: Deel van watter priesterorde was die eersgeborenes dan? Dit was 'n priesterorde wat bestaan het sedert die mens geskape was en wat gefunksioneer het tot en met die aankoms by die berg Sinai. Hierdie priesterdom was volgens die die priesterorde van Melgisédek!

Die Priesterorde van Melgisédek:

Die woord Melgisédek kom slegs 11 keer in die Skrifte voor, naamlik in Gen. 14:17 tot 24; Ps. 110:1 tot 7; en 9 keer in Hebreërs (Heb. 5:6 en 10; Heb. 6:20; Heb. 7:1, 10, 11, 15, 17 en 21).

Wie is Melgisédek? Die naam is afkomstig van *Melek* (koning) en *Tzaddik* (geregverdig). Geregtigheid (*tzedakah*, תְּצַדִּיק) is om in die regte verhouding met YHVH te staan en volgens YHVH se onderrig en instruksies, naamlik volgens Torah te lewe. Volgens Gen. 14:18 was Melgisédek koning van Salem (vrede) en priester van God die Allerhoogste. Die naam beteken dus koning (Melek-) van geregtigheid (tzedakah) – 'n prediker van geregtigheid.

Nadat Abraham vir Lot bevry het, het Melgisédek as 'middelaar' opgetree tussen Abraham en die koning van Sodom (Genesis hoofstuk 14, veral verse 17 tot 20).

Tot en met die aankoms by Sinai was daar in elke geslag 'n Melgisédek². Elke Melgisédek was 'n sinnebeeld van YHVH Yeshua die ware en Ewige Melgisédek, want ons lees in Heb. 7:1 tot 3 die volgende:

Hierdie Malki-Tzedek was koning van Shalem, nie-Levitiese priester van God Ha'Elyon (die Allerhoogste), wat vir Avraham ontmoet het by sy terugkoms na die slagting van die konings en hom geseën het.

Aan hom het Avraham 'n tiende deel van alles uitgedeel. Sy naam word vertaal as: koning van onpartydige opregtheid en ook koning van Shalem, dit is, koning van vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed.

Sonder dat sy vader of sy moeder in die geslagsregister opgeteken is, ook nie sy begin van dae of sy lewenseinde nie, maar net soos dié van die Seun van God, bly sy priesterskap vir ewig.

² Die artikel van Ina van Niekerk "Die Orde Van Melgisédek Teenoor Die Levitiese Priesterlike Orde" word aanbeveel, want dit wat ek kortliks hier genoem het, word in haar artikel meer volledig bespreek. Die artikel kan afgelaai word deur op die volgende skakel te klik: [MelgisedekLevitieseHersien2015](#)

Yeshua Messias is die Ewige, naamlik van die grondlegging van die wêreld af, Hoëpriester volgens die orde van Melgisédek. Daarom was dit YHVH se bedoeling van die begin af dat Sy kinders konings en priesters moet wees volgens die orde van Melgisédek. YHVH is besig om dit te herstel soos dit aan die begin was. Daarom herinner die apostel Petrus ons (1 Pet. 2:9) daaraan dat met die folterdood van Yeshua is die Melgisédek priesterorde herstel en daarom herinner Open. 1:6 en 20:6 ons ook daaraan dat teen die einde van die eeue is elkeen wat Yeshua as Messias aangeneem het, konings en priesters.

Yoganan, aan sewe gemeentes in Asië: onverdiende guns vir julle en vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van Hom wat is en wat was en wat kom, van die sewe Geeste wat voor Sy troon is

en van Yeshua, Die Gesalfde Een, die betroubare getuie, die Eersgeborene uit die dood en die Heerser oor die konings van die aarde; Hy wat ons liefhet, ons van ons sondes losgemaak het deur Sy bloed

en ons 'n koninkryk van priesters gemaak het vir God, Sy Vader; aan Hom die eer, lof, aanbidding en die heerskappy vir tydlose ewigheid! Dit is waar. Open. 1:4 tot 6.

Geseënd en afgesonderd is hy wat deel het aan die eerste opstanding. Oor hulle het die tweede dood geen outoriteit nie, maar hulle sal priesters van God en van Die Gesalfde Een wees en sal saam met Hom vir 'n duisend jaar lank regeer. Open. 20:6

Open. 1:5 en 6 bevestig dan ook dat Yeshua wat ons liefhet, ons van ons sondes losgemaak het deur Sy bloed, ons 'n koninkryk van priesters gemaak het vir God, Sy Vader.

Die volgende is daarom uiters belangrik om te verstaan, naamlik: Toe Israel by Sinai aangekom het was hulle YHVH se verbondsvolk op grond van die verbond met Abraham, maar Israel was ook 'n koninkryk van priesters volgens die orde van Melgisédek. Daarom lees ons in Ex. 19:4 tot 6 wat YHVH aangaande Israel sê:

Julle het gesien wat Ek aan die Mitzrayiete gedoen het en hoe Ek julle op arendsvlerke gedra en na My toe gebring het;

daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne.

Julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die seuns van Yisra'el moet sê.

Soos reeds genoem het Israel vir 400 jaar in Egipte gebly waar hulle 'n rykdom van kundigheid by die Egiptenare geleer het. Nou het die tyd aangebreek dat YHVH hulle moet leer oor hoe om te lewe as 'n koninkryk van priesters en as YHVH se afgesonderde eiendomsvolk, asook om hulle voor te berei om die Beloofde Land, Kanaän, in besit te gaan neem! YHVH wou Israel terugbring tot die verhouding soos dit was met Abraham, Isak en Jakob en hulle oë en verlange weer vestig op Yeshua die Ewige Hoëpriester wat alles sal herstel soos dit aan die begin was!

Daarom is dit uiters belangrik wat op hierdie tydstip na Israel se aankoms by Sinai gebeur het, naamlik YHVH sluit 'n bloedverbond met Israel! Hierdie verbond, bekend as die Boek van die Verbond word in Ex. 19:1 tot 24:11 beskryf. Soos alle bloedverbonde bestaan dit uit:

➤ 'n Aanbod

Daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. Julle sal vir My 'n

koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die seuns van Yisra'el moet sê.” Ex. 19:5 en 6

- ‘n Aanvaarding van die aanbod.
Die hele volk het saam geantwoord en gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen.” Moshe het die woorde van die volk teruggevat na יהוה toe. Ex. 19:8.
- Verseël met bloed (die sny van die verbond).
Moshe het gekom en aan die volk al die woorde van יהוה en al die uitsprake meegedeel en die hele volk het met een stem geantwoord en gesê: “Al die woorde wat יהוה gesê het, sal ons doen.”
Moshe het al die woorde van יהוה opgeskryf en die oggend vroeg opgestaan en by die voet van die berg 'n altaar en twaalf pilare, volgens die twaalf stamme van Yisra'el, gebou.
Hy het jongmanne van die seuns van Yisra'el gestuur wat brandoffers geoffer het en bulle as vredesoffers vir יהוה geslag het.
Moshe het die helfte van die bloed gevat en dit in komme gegooi en die helfte van die bloed op die altaar gesprinkel.
Hy het die Boek van die Verbond gevat en dit voor die ore van die volk geles en hulle het gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen en ons sal gehoorsaam wees.”
Moshe vat die bloed en sprinkel dit op die volk en sê: “Hierdie is die bloed van die verbond wat יהוה met julle gesluit het volgens al hierdie woorde.” Ex. 24:3 tot 8.
- ‘n Verbondsmaaltyd
Moshe het opgegaan saam met Aharon, Nadav, Avihu en sewentig van die oudstes van Yisra'el
en hulle het die God van Yisra'el gesien en onder Sy voete was dit net soos 'n vloerwerk van stene van saffier en so helder soos die hemele self.
Hy het nie Sy hand teen die leiers van die seuns van Yisra'el uitgesteek nie en hulle het God gesien en het geëet en gedrink. Ex. 14:9 tot 11.

Volgens hierdie verbond sou YHVH vir Israel leer om ‘n koninkryk van priesters en ‘n afgesonderde volk te wees. Die vereiste was dat Israel in alles aan YHVH gehoorsaam moet wees!

Hierdie boek van die verbond kan dus ook die ‘Melgisédekorde-verbond’ genoem word. Maar hierdie verbond is verbreek deur die aanbidding van die goue kalf. Nie net is hierdie verbond verbreek nie, maar ook die verbond met Abraham, want Israel het nie soos hulle vader Abraham die stem van YHVH gehoorsaam nie en nie YHVH se Opdragte, Sy bevele, Sy verordeninge en Sy wette nagekom nie!

Die gevolg hiervan was dat die Melgisédek priesterorde vervang is met ‘n Levitiese priesterorde. Israel was toe nie meer ‘n volk **van** priesters nie, maar wel ‘n volk **met** priesters. Hierdie was egter ‘n tussentydse (tydelike) maatreël wat in plek gebly het tot Yeshua Messias gekom het en YHVH se volk as ‘n koninkryk van priesters weer herstel is. Daarom kon Petrus skryf:

Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort.

1 Pet. 2:9 en 10.

Verlede week se Torahskriflesing, *Mishpatim*, het met hierdie woorde geëindig:

יהוה *sê vir Moshe: “Kom die berg op na My toe en bly daar en Ek sal vir jou die kliptafels met die wet gee en die opdragte wat Ek geskryf het om hulle te leer.”*

Moshe het saam met Y’hoshua, sy dienskneg, opgestaan en Moshe het op die berg van God opgegaan

en aan die oudstes gesê: “Wag hier vir ons tot ons na julle toe terugkom. Let op, Aharon en Hur is by julle; wie regsake het, kan na hulle toe gaan.

Moshe het op die berg opgegaan en ’n wolk het die berg toegedek.

Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het op die berg Sinai gebly en die wolk het dit ses dae lank toegedek en op die sewende dag het Hy na Moshe geroep uit die wolk.

Die verskyning van יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid was in die oë van die seuns van Yisra’el soos ’n verterende vuur op die top van die berg.

Moshe het binne-in die wolk ingegaan soos hy op die berg opgaan en Moshe was veertig dae en veertig nagte op die berg. Ex. 24:12 tot 18.

Let op dit wat volg nadat YHVH die Melgisedek-verbond (die boek van die verbond) met Israel gesluit het. Moses het na YHVH gegaan om al die onderrig te ontvang hoe om te lewe as ‘n volk met priesters – die Levitiese priesterorde!

Dit is belangrik om daarop te let dat alles wat volg op Ex. 24:11 nie deel is van die boek van die verbond nie. Daar is geen aanbod of keuse van aanvaarding aan Israel gemaak nie. Daar was geen bevestiging (verseëling; ‘bloed van die verbond’) of verbondsmaaltyd betrokke nie. YHVH het ‘n eensydige verklaring gemaak dat hierdie is die opdragte wat Israel moet onderhou! Hierdie is bekend as die boek van die wet soos Paulus dit in Gal. 3:10 beskryf met verwysing na Deut. 27:26.

want almal wat ‘staatmaak op die onderhouding van die wet,’ is onder ’n vloek, want daar is geskryf: “Vervloek is elkeen wat nie voortdurend alles sal doen wat in hierdie boek van die wet geskryf is nie.”

Dit is hierdie boek van die wet wat langs die verbondsark geplaas was as getuie teen Israel se verbreking van die Melgisédekorde-Verbond (die boek van die verbond). In die verbondsark was die tien woorde van die boek van die verbond.

“Vat hierdie boek van die wet en sit dit langs die verbondsark van יהוה, julle God sodat dit daar kan bly as ’n getuie teen jou. Deut. 31:26.

Dit is hierdie wetboek wat koning Josia weer in die tempel gevind het toe hy alle afgodery uitgeroei het en die tempel weer gereinig het:

Toe hulle die geld uitgebring het wat in die huis van יהוה ingebring is, het die priester Hilkiyahu ’n boek van die wet van יהוה gevind wat deur Moshe gegee is.

*Hilkiyahu, die priester, sê vir Shafan, die skrywer: “**Ek het die boek van die wet in die huis van יהוה gevind!**” Hilkiyahu, die priester, het die boek vir Shafan gegee*

en Shafan, die skrywer het aan die koning vertel wat Hilkiyahu vir hom gesê het en aan hom woord gebring en gesê: “Alles wat u aan u diensknegte opgedra het, doen hulle:

hulle het die geld spandeer aan die herstel van die huis van יהוה en verslag gedoen aan die opsigters en die uitvoerders van die werk.”

Toe vertel Shafan, die skrywer, aan die koning en sê: “ Hilkiyahu, die priester, het aan my ’n boek gegee.” Shafan het dit voor die koning geles.

Dit het gebeur toe die koning die woorde van die wet hoor, dat hy sy klere geskeur het.

Toe het die koning vir Hilkiyahu en Agikam, die seun van Shafan en `Avdon, die seun Mikhah en Shafan, die skrywer en `Asayah, die dienskneg van die koning se huishouding, beveel en gesê:

“Gaan, bid tot יהוה vir my en vir Yisra’el en Y’udah aangaande die woorde van die boek wat gevind is, want die toorn van יהוה is groot wat oor ons uitgestort is omdat ons vaders nie geluister het na die woord van יהוה om te doen volgens alles wat in hierdie boek vir ons geskryf is nie.” 2 Kron. 34:14 tot 21.

Hierdie boek van die wet was ons tugmeester tot Yeshua gekom het en was gegrond op werke. Israel moes alles doen wat in die wet gekrywe was. Dit het Israel in bewaring gehou tot die dag soos deur YHVH bepaal het dat Yeshua ons kom vrysprek het.

maar voordat die vertroude gekom het, is ons begelei deur die wet terwyl ons afgesny was van die vertroude wat op die punt was om openbaar te word.

Die geskrewe wet was dus vir ons ’n gids na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertroude,

maar sedert die vertroude gekom het, is ons nie onder ’n gids nie, want julle is almal kinders van God deur die vertroude in Yeshua, Die Gesalfde Een, want julle almal wat in Die Gesalfde Een gedoop is, het Die Gesalfde Een aangetrek. Gal. 3:23 tot 27.

Hierdie wetboek was die getuienis dat ons skuldig is aan die oortreding van die wet en daarom verdien ons die dood, want die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23). Maar deur die onverdiende guns van YHVH in Yeshua is die geskrewe aanklag teen ons uitgevee en aan die kruis vasgeslaan.

Hy het die geskrewe aanklag teen ons, wat vir ons nadelig was, deur Sy Outoriteit, uitgevee en uit ons midde weggevat en dit aan Sy kruis vasgeslaan. Deur Sy liggaam af te lê, het Hy die heersers en outoriteite gestroop en hulle in die openbaar beskaam deur Sy wesenslike self. Kol. 2:14 en 15.

Die wet van die Gees van Lewe in Yeshua het ons vrygemaak van die wet van die sonde en die dood!!

Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie,

want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood,

want omdat die wet swak was, deur die sieklikeid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 4.

Hierdie wet van die Gees van Lewe in Yeshua is die Torah van Yeshua³, want met die verandering van priesterskap het daar ook ’n verandering in die wet gekom.

³ Vir ’n meer volledige bespreking van die Torah van Yeshua word die artikel van Ina van Niekerk in die verband aanbeveel. Hierdie artikel kan afgelaai word by: [Die Torah Van Die Messias Finaal](#)

As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees?

Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls,

want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,

want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroeï het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie.

Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan.

Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie,

want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,"

want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie,

want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit. Heb. 7:11 tot 19.

Opsommend:

Van 'n volk van priesters tot 'n volk met priesters en nou terug tot 'n volk van priesters!!

Bepeins of Bespreek

1. Die priesterorde van Melgisédek is aangestel oor die huis van YHVH en nie meer die Levitiese priesterorde nie! As priesters van die Melgisédekorde het ons 'n hemelse altaar waarvan die Levitiese priesters nie die reg het om van te eet nie – verwys Heb. 13:10 en 11.
2. Die bou van die derde tempel deur Rabbynse Judaïsme is 'n ernstige misleiding waarin talle gelowiges in die Messiaanse Beweging vasgevang is. Die volgende twee videos van Tom Stapleton insake hierdie misleiding word aanbeveel:

<https://www.youtube.com/watch?v=eZIXGizBjiA>

https://www.youtube.com/watch?v=SAq-J_5i2s8

Wat Is Jou Bydrae?

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: "Praat met die kinders van Yisra'el dat hulle aan My 'n bydrae moet bring; vanaf elkeen wie se hart hom opwek, moet julle My bydrae inbring."

Ex. 25:1 en 2.

In sy briewe aan die Korinthiërs verduidelik Paulus dat ons die tempel van YHVH is:

Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en dat die Gees van God in julle bly nie? 1 Kor. 3:16.

Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is:² “Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My ’n volk wees. 2 Kor. 6:16.

Elkeen is individueel ‘n tempel van YHVH, maar korporatief as die gemeente van YHVH – as die liggaam van Yeshua – is ons ook die tempel van God. Die vraag wat elkeen moet vra is: Wat is my bydrae tot die bou van die tempel?

As priesters volgens die orde van Melgisédék het ons elkeen ‘n verantwoordelikheid. Eerstens is jou verantwoordelikheid om jou eie gees, siel en liggaam beskikbaar te stel as ‘n lewende, afgesonderde en aanvaarbare offer vir YHVH. Jy is die priester van jou eie liggaam!

My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God;¹ dit is julle logiese dienswerk en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.
Rom. 12:1 en 2

Ons elkeen is verantwoordelik vir die versorging van ons eie liggaam. Dit is die bydrae wat YHVH van elkeen verwag. Dit begin deur YHVH se voedselvoorskrifte te volg en ‘n lewenstyl te volg wat bevorderlik is vir gees, siel en liggaam. Wat betref ons gees en siel moet ons hierdie woorde van Paulus onthou:

Word gevoed deur die dinge wat daarbo is, nie met dit wat op die aarde is nie, want julle is dood en julle lewe is saam met Die Gesalfde Een weggesteek in God. Kol. 3:2 en 3.

Tweedens is ons as priesters van die Melgisédékorde ook verantwoordelik vir die versorging van die gemeente – die liggaam van Yeshua as die tempel van YHVH. Elke priester het ‘n bediening wat kan bydra tot die stigting (opbou) van die gemeente en die uitbreiding van die Koninkryk.

In die verband herinner Paulus ons ook aan die volgende:

Hy het gekom en die goeie boodskap van vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed aan julle wat ver was en aan die wat naby was verkondig, want in Hom is daar vir ons albei toegang deur een Gees tot die Vader. Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God. Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou. In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot ’n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה terwyl julle ook vir Hom gebou word tot ’n blyplek van God in die Gees. Efes. 2:17 tot 22.

‘n Prioriteit van die gemeente, en van elke priester in die gemeente, is die versorging van die weduwee, die weeskinders en die armes.

’n Vader van die vaderloses en ’n Regter van die weduwees is God in Sy afgesonderde blyplek. Ps. 68:5.

Rein en afgesonderde bediening voor God-die-Vader is dít: om wese en weduwees in hulle moeilikhede te besoek en jou eie lewe sonder besmetting van die wêreld te hou. Jak. 1:27.

Die belangrike vraag is: Wat is jy en ek bereid om by te dra tot die versoring (bou, stigting) van YHVVH se tempel. YHVVH sê ook vandag vir ons elkeen: *'n Bydrae moet elkeen bring; vanaf elkeen wie se hart hom opwek, moet julle My bydrae inbring.* Daarom moet ons die volgende waarheid onthou:

Whenever you make up your mind to refuse to go where God wants you to go and to do what God wants you to do, you must make up your mind at the same time to renounce the friendship of God. You cannot walk with Him and at the same time be in rebellion against Him... it is mere mockery, to say "Lord, Lord" and then refuse to do the things that He commands you to do – Clovis G. Chappell.

Bepeins of Bespreek

1. Dit dien geen doel om YHVVH se voedselvoorskrifte te volg, maar jy volg 'n dieet wat tot vetsug lei nie! 'n Gesonde gees, siel en liggaam is grootliks in ons eie hande. Onthou: *Health and beauty is an inside job!* Ons kan nie verwag dat YHVVH ons moet genees nie indien ons vir jare nadelige gewoontes gevolg het en natuurwette oortree het!
2. Is die versorging van die weduwees, die wese en die armes nog die prioriteit in YHVVH se gemeente? Onthou versorging beteken nie net finansiële ondersteuning nie, maar ook emosionele en geestelike ondersteuning! Wat is jou bydrae in die verband?

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.